oordenkings vir tieners

1. Wegspring vir die nuwe jaar

Lees: 2 Kronieke 15:1-19 Teks: 2 Kronieke 15:2

Ons staan weer aan die begin van die splinternuwe jaar, 2012. Daar gebeur só baie dinge wat gelowiges in die lewe bedreig dat 'n mens voel jy sien nie kans vir die nuwe jaar nie. Kom ons soek bemoediging en troos in God se Woord. God stuur die profeet Asarja na koning Asa om aan hom 'n boodskap te bring. Dit is nie so dat God voorspoed, geluk en veiligheid aan elkeen uitdeel nie. God se boodskap aan Asa is: *"As julle by die Here is, sal Hy by julle wees ..."* (vs 2). God is by diegene wat hulle toevlug tot Hom neem. God is by die mense wat ten volle in Hom glo en Hom vertrou. Die Here deel sy beskerming nie uit aan mense wat Hom in hulle lewe vergeet en verstoot nie. God het vir jou verlossing in Jesus Christus gegee. Uit dankbaarheid moet jy die Here daagliks dien en gehoorsaam wees aan Hom. Dan is jy veilig!

2. Jou opdrag vir 2012

Lees: Genesis 1:26-31 Teks: Genesis 1:28

Mense dink dat Adam en Eva 'n luilekker-lewe in die paradys gehad het. Daar is nog nie sonde nie en die skepping is vars en nuut en daar is niks wat dit vir die mens swaar maak nie. Dit is allesbehalwe so. God het ná Adam en Eva se skepping aan hulle 'n werksopdrag gegee. Vers 28 het vyf werkwoorde: [1.] Wees vrugbaar. [2.] Word baie. [3.] Bewoon. [4.] Bewerk. [5.] Heers. Die mens is geskep met 'n opdrag. Die mens moet in die skepping werk, elkeen op sy eie, besondere plek. Vir jou as tiener is jou "werksterrein" jou verpligtinge by die huis, die skool en die kerk. In 2012 gaan jy op hierdie terreine verpligtinge hê. Jy moet dit as 'n opdrag van die Here sien en alles doen na die beste van jou vermoë. So berei die Here jou voor om eendag as volwasse mens jou plek vol te staan in lewe van elke dag. Sterkte met jou werk vanjaar!

3. Jou opdrag in 'n stukkende wêreld

Lees: Genesis 3:1-24 Teks: Genesis 3:7, 8, 16, 17

God se skepping was volmaak (Gen. 1:31). Maar so het dit nie gebly nie. God se groot vyand, Satan, het vir Adam en Eva verlei om aan God ongehoorsaam te wees. Dit was die begin van die sonde. Adam en Eva se sonde het hartseer gevolge gehad. Genesis 3 vertel hoe alles verander het ná die sonde van Adam en Eva. Nou was die skepping nie meer mooi en volmaak nie. Dit was stukkend en die mens sou 'n opdraende stryd voer. Dit is waar die swaarkry van die lewe vandaan kom. Dit wortel in die sonde van die mens.

Teen die stukkende karakter van die skepping sal jy vanjaar ook moet stry. Maar moet nie moed opgee nie. God gee in Christus en deur sy Heilige Gees gawes aan jou om sukses te kan behaal. Sit skouer aan die wiel en werk toegewyd aan jou opdragte. God se seën sal dan nie uitbly nie.

4. Niks is vir God onmoontlik nie

Lees: Genesis 18:1-15 Teks: Genesis 18:14

Uit die Bybel bely ons dat God almagtig is. Dit beteken dat God magtiger is as enigiets anders of dat niemand so magtig is soos God nie. Jeremia 32:17 lees: *"Niks is vir U onmoontlik nie."* Dit staan in Genesis 18:14: *"Is iets te buitengewoon vir die Here?"* God sê dit vir Abraham omdat hy en Sara nie kan dink dat God aan hulle 'n kind kan gee as Abraham 100 jaar en Sara 90 jaar oud is nie.

Ons as mense is beperk wat ons krag betref. Sommer gou-gou is 'n ding vir die mens onmoontlik. Daarom moet jy deur die geloof vashou aan die Here, die Almagtige. Hy is ook sterker as Satan wat jou wil verlei. God het vir jou die onmoontlike bewerk toe Hy Jesus Christus, sy Seun, gegee het om jou sondes weg te neem en aan jou die ewige lewe te gee.

Jy moet op niks anders vertrou nie as net op God die Here.

5. Bly kalm en vertrou op God

Lees: Eksodus 14:1-14 Teks: Eksodus 14:14

Nadat God die Egiptenare met die 10 plae getref het, het die farao ingestem dat die Israeliete uit Egipte kan wegtrek. God wil hulle na Kanaän bring, die land wat Hy aan Israel belowe het. Skaars het die Israeliete begin trek of die leër van Egipte sit hulle agterna en druk hulle teen die Rooi See vas. Die mense was baie bang en het Moses verwyt dat hy hulle laat trek het. Moses troos hulle: *"Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."* God het dit gedoen met die wonder van die Rooi See wat oopgegaan het sodat hulle kon deurtrek.

Elke gelowige, oud en jonk, het hierdie troos. As dit vir jou lyk asof die lewe en jou lewensomstandighede te gevaarlik is vir jou om te hanteer, weet dat God dit vir jou doen. As Hy jou in Christus van jou sondes verlos het, bewaar Hy jou telkens as dit nodig is.

6. Alles wat vir jou nodig is

Lees: Deuteronomium 8:1-20 Teks: Deut. 8:3

Die Here het Israel gedurende die 40 jaar wat hulle deur die woestyn getrek het op 'n wonderbaarlike manier kos gegee. Hulle het manna as brood gekry. Die kwartels was hulle vleis en vars water het God uit rotse vir hulle laat vloei. 'n Mens sou dink – wat het hulle meer as dit nodig. Vir 'n volk in die woestyn is dit elke dag 'n feesmaal.

Tog sê die Here dat dit nie genoeg is nie. Die mens moet ook lewe van die woorde van die Here. Christus het dit ook vir Satan gesê toe hy Christus wou verlei (Matt. 4:4). Dit bring ons onder die besef dat dit nie net nodig is om drie maal per dag aan die tafel te gaan aansit om te eet nie, maar dat jy ook daagliks die Bybel moet lees in opdrag van die Here. Sonder die Woord van God is dit vir die mens nie moontlik om koers te hou in 'n deurmekaar wêreld nie.

7. Die noodlottige skeidsmuur

Lees: Jesaja 59:1-8 Teks: Jesaja 59:2

God se volk kry baie swaar en daar is baie dinge teen hulle. Hulle is 'n korrupte volk wat nie na reg en geregtigheid strewe nie. Omdat dit met hulle sleg gaan, beskuldig hulle God dat Hy nie almagtig is nie en hulle nie in hulle nood bystaan en help nie. Vir hulle haglike omstandighede verkwalik die volk vir God. Deur die mond van die profeet Jesaja sê God vir hulle dat dit hulle sonde is wat soos 'n skeidsmuur tussen Hom en hulle staan. Die verandering in hulle lewe moet by hulleself begin waar hulle hul sonde en onbekeerlikheid moet raaksien en dit voor God bely.

Deur die bloed van Christus word die skeidsmuur vir God se kinders afgebreek en deur die geloof ontvang hulle die verlossing. Maar dan moet jy die middele wat God daarvoor gee, gebruik: die Bybel, die eredienste, die katkisasie.

8. Jy kan nie jouself verander nie

Lees: Jeremia 13:12-27 Teks: Jeremia 13:23

God spreek sy oordeel oor Juda uit (Jer. 13:12-27). In beeldtaal verduidelik God aan hulle wat met hulle gaan gebeur. Jeremia huil oor die volk se *hoogmoed* (vs 17). God het aan die volk lank genade bewys om tot bekering te kom, maar hulle het nie. Daarom is die vyand alreeds rondom Jerusalem om dit in te neem (vs 20-21). Die Jode het só gewoond geword aan sonde dat hulle *nie* meer *kan verander* nie. Net soos 'n Kussiet ('n swart mens) nie sy velkleur en 'n luiperd sy kolle kan (of wil) verander nie, so kan Juda nie uit eie krag hulle tot God bekeer nie.

Vandag kan 'n mens dit ook nie doen nie. God moet 'n wonder bewerk om die mens te verander. God het die wonder ook in jou lewe bewerk deur Christus. Hy het jou van jou sonde bevry, nou moet jy lewe soos God dit van jou vra.

9. Die geraamtes in die laagte lewe

Lees: Esegiël 37:1-14 Teks: Esegiël 37:4 & 10

In beeldtaal (vs 11) verduidelik God hoe dit geestelik met sy volk gaan. Israel lyk soos 'n deurmekaar hoop geraamtes in 'n laagte. 'n Laagte vol doodsbeendere waar jy nie kan sien waar die een in die ander pas nie. God beveel Esegiël om vir hierdie doodsbeendere te preek. Toe begin die dor bene na mekaar beweeg, elkeen na sy regte plek, totdat daar volledige geraamtes lê. Daarna word spiere, senings, vleis oor die geraamtes getrek en 'n klomp volledige lyke lê daar totdat God daarin lewe gee en dit 'n skare mense word wat God dien. God skep lewe waar daar net dood is! Nie net in die Ou Testament nie, maar ook in ons tyd.

Vanweë jou sonde is jy soos die geraamtes in die laagte. Maar deur Christus se bloed en die Heilige Gees se werk maak God jou lewendig uit die dood om vir Hom te lewe.

10. God se boodskap op die partytjie

Lees: Daniël 5:1-30 Teks: Daniël 5:5, 25-30

Belsasar se wilde drink- en fuifpartytjie is in 'n oomblik se tyd gesmoor toe hulle in hulle dronkenskap 'n hand sien wat iets teen die muur skrywe. Dit was nie 'n towenaar of 'n goëlaar se wonderlike kunsies nie. Dit was God se hand wat vir Belsasar 'n verdoemende boodskap skrywe. God sê vir die goddelose Belsasar: Jy is getel, geweeg en verdeel (vs 25). Belsasar het gedink hy is die onaantasbare koning van die magtige Babel, maar God het nou gesê hy is getel, geweeg en verdeel – God het oor sy lewenslot besluit. God besluit oor die lewe en lewenseinde van elke mens. In jouself beteken jy voor God niks nie. Gelukkig kan jy as kind van God hoor dat Hy jou deur die bloed van Christus gekoop het en dat jy nou in Christus ewige betekenis het.

Daarvoor moet jy in jou dade vir God dankie sê.

11. Bekering en nuwe lewensdade

Lees: Hosea 14:2-20 Teks: Hosea 14:5-6

In Hosea 14:2-20 kom twee hoofgedagtes na vore: [1.] Israel moet hom tot God bekeer deur *sondebelydenis* (vs 2-4). [2.] Daar moet dan omkering in hulle lewe kom dat God vir hulle alles sal wees en hulle gehoorsaam aan God sal lewe. As die volk van hulle sondige lewe tot God terugkeer, dan sal God hulle sondes uitwis (Hand. 3:19).

Wanneer jy dit doen, sal jy ervaar dat God jou sondes vergewe (1 Joh. 1:9). Jy sal dan ook ervaar dat God jou nie verwerp nie, maar jou vergewe (genees) sodat die ontrou (2:1) verander in toewyding. Jy moet nie jou sondes geringskat nie. Sondes verdien die straf van God. Jy kan weet dat Christus die sondestraf vir jou gedra het en dat jy daarop moet antwoord met 'n lewe van dankbaarheid. Dit beteken dat alles wat jy doen volgens God se wil moet wees.

12. God vra van jou 'n hartsverandering

Lees: Joël 2:12-17 Teks: Joël 2:13

Joël 2 het twee boodskappe van God: [1.] Vers 2-11: God se volk word opgeroep tot bekering van hulle sondige lewe. [2.] Vers 12-17: Die bekering moet nie oppervlakkig wees nie, maar hartgrondig, opreg. Die Jode het 'n gebruik gehad dat wanneer hulle hartseer was, hulle hul klere geskeur en hardop gehuil het. Op dié wyse kon almal sien en hoor dat dit met hulle sleg gaan. God vra nie 'n uiterlike demonstrasie van sondebelydenis nie, want dit kan oneg wees. Jy kan vir die skyn van sondedroefheid jou klere skeur en voorgee dat jy oor jou sonde treur. Daarom sê die Here: *"Skeur julle harte, nie julle klere nie."* Sonde moet 'n mens ontsteld en hartseer maak, want jou sonde is sonde teen God (Gen. 39:9). Let goed daarop dat jou sondebesef eg en opreg is en bekeer jou van die sonde in jou lewe.

13. God roep jou om reg te lewe

Lees: Amos 5:10-17 Teks: Amos 5:14

In die tyd van Amos het dit polities en ekonomies goed met Israel gegaan. Op godsdienstige terrein was die volk egter sedelik korrup. Deur Amos spreek God sy oordeel oor Israel uit (3:1-15). In Amos 5:10-13 wys God hulle op hulle korrupte lewe. In Amos 5:14-15 word hulle opgeroep om reg te lewe. Die Here weet dat alle mense in sonde lewe.

In ons tyd is dit nie anders nie. Dink maar aan baie rolprente en video's waarin die gruwelike sonde van die mens uitgebeeld word. God vra van jou *om nie opsetlik die verkeerde dinge te doen nie.* Jy moet *probeer goed doen – dít* is die ware lewensoptrede wat die Here van jou verwag. Om te weet wat volgens God reg is, sal jy gereeld daagliks die Bybel moet lees, getrou wees in die kategese en ook gereeld die eredienste bywoon.

14. Die sonde van leedvermaak

Lees: Obadja vs 1-14 Teks: Obadja vs 12

Edom is die nageslag van Esau en Juda die nageslag van Jakob. Edom en Juda is broervolke. Edom het in leedvermaak teen Israel opgetree. Dit was in die jaar 586 voor Christus. Jerusalem is deur Babel ingeval en geplunder. Die mense van Jerusalem het in doodsangs gevlug. Toe het Edom hulle verlustig in die nood van die Jode. Daarom oordeel God hulle. Hulle optrede is in skrille kontras met wat Jesus geleer het: 'n lewensgesindheid van liefde en verdraagsaamheid. Die Edomiete se onreg gaan voort. Herodes ('n Edomiet) maak Joodse seuntjies dood op soek na Jesus (Matt. 2:16-18). Herodes Antipas (ook 'n Edomiet) laat onthoof Johannes die Doper (Matt. 14). God kondig sy oordeel aan oor elkeen wat hom in 'n medemens se ellende verlekker en wat in leedvermaak 'n medemens dieper laat ly.

15. Die lig van die geloof

Lees: Jona 1:17-2:10 Teks: Jona 2:4

Jona voel dat hy in die vis uit God se gesig verdwyn het (vs 4). Dis donker om hom. Hy voel God het hom verwerp en verlaat vanweë sy eie skuld. In Jona hoor ons Christus, toe Hy met ons sonde belaai aan die kruis die Godsverlatenheid deurleef het. Net soos Jona, is Jesus nie eensaam gelaat nie en word God se kinders nie oorgelewer om weg te kwyn nie. Op sy tyd dryf God die donkerheid uit die hart weg en bring die lig van begrip en verstaan.

God laat nie toe dat een van sy kinders die verderf sien nie. Daarom kom daar ommekeer. Die lig van die geloof breek deur. Die wending lê in die woordjies "maar tog" (vs 4b). Dit kon vertaal word met "nogtans" of "desondanks" of "nietemin". Dit dui op 'n hele nuwe inhoud in die gedagtes van die profeet en elke kind van God wat in benoudheid tot Hom roep.

16. God se saak teen die volk

Lees: Miga 6:1-8 Teks: Miga 6:8

Selfs gelowiges bevraagteken soms God se optrede Dit is asof die mens met God twis. Die mens bevraagteken God se optrede. Miga 6 leer die teenoorgestelde. Dit is God wat die mens tot verantwoording roep vir sy dade. Dit is God wat sy volk aankla omdat hulle Hom wil teregwys. As kinders van die Here, verlos uit genade sonder enige verdienste, is ons verantwoording aan die Here verskuldig vir ons lewenswoorde en -dade. Vir ons lewensoptrede moet ons nie teenoor mense verantwoording doen nie. Ons is nie aan mense verduideliking verskuldig nie. Gelukkig dat God ons nie oordeel volgens wat die mense van ons sê nie. Hy ken jou van buite en van binne. Daar is niks wat jy vir die Here kan wegsteek nie. As jy jou sonde in opregtheid voor God bely, is Hy getrou en gee aan jou die verlossing in Christus.